Sing vooraf: Psalm 86:1.

HEER, my God, ontferm U oor my,
luister na my stem, verhoor my!
'k Is ellendig, diep in nood,
gans en al van hulp ontbloot.
O bewaar my, U 's almagtig;
maak my weer u guns deelagtig;
red u kneg, **verlos** my nou,
waar 'k alleen op U vertrou.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.
Amen.

Lofpsalm 7:1

HEER, my God, by wie ek skuiling,
redding soek - my teenparty
wat my jaag op al my spore,
dring gedurig naderby.
As u hand my nie **verlos** nie,
sal hul lewend my verslind,
soos 'n leeu die arme skaaplam
wat hy sonder herder vind.

Gebed.

- ***Doksologie:***
- ***Aanbidding:***
- ***Skuldbelydenis:***
- ***Vergifnis:***
- ***Dank:***
- ***Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God***
- ***Algemene bede:***
- ***Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:***

Amen.

Psalm 66:6

Ek sal, **verlos** uit doodsgevare,
nou dat ek weer kan asemhaal,
my offers bring op u altare
en my geloftes U betaal.
Ek sal laat opgaan in die vlamme
die vetste vee uit veld en wei;
ek sal by rookwerk van die ramme
ook beeste en bokke toeberei.

Skriflesing: Johannes 3.
Teks: Kategismus Sondag 7. Johannes 3:13, 14.

> **En niemand het opgevaar in die hemel nie, behalwe Hy wat uit die hemel neergedaal het, naamlik die Seun van die mens wat in die hemel is. En soos Moses die slang in die woestyn verhoog het, so moet die Seun van die mens verhoog word, (Johannes 3:13-14 AFR1953)**

Die wat in Jesus Christus glo, het die ewige lewe.

- Dit is die belangrikste ding wat ons in die lewe het om aan vas te hou, want ons weet dat alle mense sonde doen.
- Ons beleef dit self dat alle mense op die een of ander manier medewerkers van die Satan is.

- Verder is dit ook so dat dit nie waar is dat alle mense God ken nie.

Ons kry by die Here die wete dat die wat glo die ewige lewe het.
- Die fantastiese is dat die Here nie sê dat die wat sonder sondes is die ewige lewe het nie.
- Hy stel glad nie die eis van volmaaktheid nie.
- Hy stel die eis van geloof in die Here Jesus Christus.

Kom ons kyk in hierdie preek na die volgende:
1. Die verhouding tussen sonde en verlossing.
2. Die kruisdood en geloof.

1. Die verhouding tussen sonde en verlossing.

Al die eeue deur het die mensdom maar geworstel om die verhouding tussen sonde en verlossing uitgeklaar te kry. *In wese gaan dit oor die verskil tussen wat Adam aan die mensdom gedoen het, en hoe Jesus Christus die mensdom verlos het.*

Die feit is dat die Here Adam voor 'n proefgebod gestel het.
- Die dag as hy in sonde val, dan val al sy nasate saam met hom in sondes.
- Prakties gestel beteken dit dat dit ons ook raak:
    - Dit beteken dat alle geslagte van mense wat gebore sou word, in sonde gebore word en daarin lewe.
    - Dit verklaar die toestand waarin ons nou is.

Kan ons weer uit hierdie toestand uitkom? Die antwoord is reguit en duidelik: Ja ons kan, maar dan het ons 'n Middelaar nodig wat ons van die las van ons sondes kan verlos.

Watter kwaliteite moet so 'n Middelaar hê?
- Die Bybel openbaar aan ons dat so 'n Middelaar 'n mens moet wees, want God straf nie iets anders vir die mense se sondes nie.
- Die Middelaar moet volmaak wees, sodat Hy nie self sondes het waaroor Hy gestraf moet word nie, want dan kan Hy niemand verlos nie.
- En Hy moet God wees, sodat Hy in staat kan wees om die straf van die Here te verduur sonder om vernietig te word.

Presies al hierdie dinge was en is die Here Jesus Christus. Hy het inderdaad gesterf en opgestaan en ons sondes met God versoen, sodat ons weer in God se genade kan lewe.

Presies dit veroorsaak vir baie mense 'n ernstige probleem. As Christus God is, moet sy werk tog volmaak wees.
- Waarom is daar dan nog 'n hel en waarom ervaar ek nog elke dag dat die sonde my aanval?
- Dit was maar altyd ’n probleem vir mense om te verstaan. Daarom het ons die dinge al tevore deeglik ondersoek en dit wat die Bybel hieroor openbaar, in ons belydenisgeskrifte (HK vraag 20) neergeskryf. Die ondersoek wat in die Bybel gedoen is, het spesifiek daaroor gegaan of alle mense in Christus verlos word soos wat alle mense in Adam verdoem is.

Kom ek stel dit effens anders en miskien 'n bietjie meer in die idioom van ons tyd: Is die draagwydte van die kruis dieselfde as die draagwydte van die sondeval?
- Dit is 'n baie delikate vraag, want ek moet nie net weet dat Adam en sy nasate in die moeilikheid is nie.
- Ek moet ook weet dat daar 'n Verlosser is nie, ek moet ook weet hoe ek inskakel by sy verlossingswerk.

Wanneer ons iets soos hierdie wil uitklaar, moet ons net eers besef dat ons dan met die volle raad van die Here werk en dat ons dan oor baie dinge duidelikheid moet kry wat alles met die verlossing saamhang.

- Een so saak is die uitverkiesing van die Here.
- Die uitverkiesing werp baie lig op die soenverdienste van Jesus Christus, want dit openbaar dat Jesus Christus beslis nie vir almal sterf nie.
    - Hy sterf net vir die wat in Hom glo.
    - Sulkes ontvang die ware geloof deur die werk van die Heilige Gees.

Daar is dus 'n groot verskil tussen die gevolge van die sondeval en die van die verlossing deur Jesus Christus, want met die sondeval is die hele mensdom en die hele skepping vervloek om die mens se sondes se ontwil.

- Adam se misdaad word dus 'n geboortereg van elke mens.
- Die ooreenkoms tussen die twee gebeurtenisse is dat altwee werklik is -- die een bewerk dood en die ander een gee lewe.

2. Die kruisdood en geloof.

Die kruisdood was totaal anders as die daad van Adam, want waar Adam se optrede gestaan het in die teken van totale ongehoorsaamheid aan God, staan Jesus se optrede in die teken van algehele gehoorsaamheid aan God die Vader.

- Die verskil tussen die twee gebeurtenisse is dat Adam se daad alle mense wat liggaamlik van Hom afstam, insluit.
- Maar die Here Jesus se daad sluit slegs al die mense wat geestelik van Hom afstam (nl. gelowiges), in. Luister na wat Johannes (1:12) daarvan skryf:
  Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo; (Johannes 1:12 AFR1953**)**

Alle mense wat Jesus verwerp, word dus nooit kinders van God nie. Iets daarvan kom baie sterk deur in Johannes 3:18:

> **Hy wat in Hom glo, word nie veroordeel nie; maar hy wat nie glo nie, is alreeds veroordeel omdat hy nie geglo het in die Naam van die eniggebore Seun van God nie.** (Johannes 3:18 AFR1953)

Die Here Jesus se kruis maak dus 'n baie duidelike skeiding onder die mense.

- Dit verskil van die verdoemenis wat deur Aadm gekom het, want almal deel voor die voet in syne.
- Die gedeelte wat ons nou net saam gelees het, maak dit ook duidelik dat almal wat Jesus nie aanvaar nie, in Adam se vloek bly.

Die gelowiges gaan in God se rus in, terwyl daar ten opsigte van die ander 'n eed van die Here vasstaan dat hulle nooit in die Here se rus sal kan inkom nie. Dit staan in Hebreërs 4:3 geskryf:

> **Want ons wat geglo het, gaan die rus in, soos Hy gesê het: Daarom het Ek in my toorn gesweer, hulle sal in my rus nie ingaan nie—alhoewel sy werke van die grondlegging van die wêreld af volbring is.** (Hebreërs 4:3 AFR1953)

Die verskille tussen die sondedaad van Adam en die verlossingsdaad van Christus kom verder uit in die verskillende verbonde waarvan hulle die hoof is.

- Adam is die hoof van die werkverbond.
    - Hy moes die skepping bewerk en bewaak.
    - Later het hierdie verbond uitgekristalliseer in die Tien Gebooie.

    - Die apostel Paulus noem hierdie verbond "die verbond van die dood" omdat niemand dit kon onderhou nie.
- Daarteenoor is die Here Jesus Christus die Hoof van die genadeverbond.
    - Hierdie verbond is baie beperk: Almal wat in Hom glo, kry genade.

Adam het 'n vleeslike daad verrig en daarom is die straf daarop ook vleeslik.

- Jou liggaam gaan dood en word begrawe.
- Hierdie doodgaan is die simbool van die geestelike dood wat ingetree het as gevolg van die sondeval.

Juis daarom kom Christus en Hy verlos liggaamlik en geestelik.

- Hy sterf letterlik soos ons en Hy word begrawe.
- Maar Hy kom terug uit die dood en bring ons saam met Hom terug in die lewe in.
- Daarom is die klem van sy verbond in hierdie lewe geestelik - ons siele word gered, maar op die laaste dag word ons liggaam ook opgewek en met ons siele verenig.

In hierdie verbond val die klem baie sterk op die Heilige Gees en sy werk.

- Ons word net deur die geloof in Jesus se verlossingswerk ingelyf.
- Dit word deur die Heilige Gees bewerk, want niemand kan glo as die Here hom nie deur die Heilige Gees tot geloof beweeg en in die geloof laat volhard nie.

As alles om geloof draai, moet ons tog weet wat aangaan met geloof, en wat die inhoud daarvan is. Paulus skryf in die Romeinebrief (1:17) dat iemand wat regverdig is, ***net deur die geloof die ewige lewe kan kry****. Geloof is dus van die kardinale belang.*

Geloof is in die eerste plek kennis.

- Dit is dinge wat jy weet, omdat dit in die Bybel aan jou geopenbaar is.
- Daar is 'n verantwoordelikheid op elke mens om die Bybel te ondersoek en om dit wat daarin staan, sy eie te maak.

Dan is geloof ook vertroue.

- Jy moet dit wat in die Bybel staan as waar aanvaar, en jy moet die vertroue hê dat die verlossingsraad van die Here wat daarin ontvou word, jou ook insluit.
- Anders gestel: Die Bybel leer hoe die Here mense wat in die sonde ingeval het daaruit verlos.
- Die genade is dat ek ingesluit is in die verlossing - ek self word deur God begenadig.

Ons geloofsbelydenis is nogal 'n kort weergawe van die inhoud van die Bybel.

- Die eerste deel van die geloofsbelydenis sê wat ons van God die Vader weet en glo: Hy is ons Vader en Hy is die Skepper van die hemel en die aarde.
- Daarna bely ons dat, van God se kant af gesien, Jesus Christus God se eniggebore Seun is, maar van ons kant af gesien is Hy ons Verlosser.
- Ons bely al sy lyding en sy opstanding uit die dood.
- Ons bely Hom ook as die Hoogste Regter wat aan die einde van die tyd oor alle dooies en die wat dan nog lewe, gaan oordeel.
- Daarna bely ons die Heilige Gees en sy werk:
    - Hy werk in die kerk.
    - Hy bewerk ook die opstanding en die ewige lewe.

Diegene wat hierdie dinge verstaan en sy eie maak lewe nie meer onder die slawerny van vrees vir die dood en die lewe na ons dood nie. Hierdie dinge gee ons die kennis en vertroue om met moed vorentoe te lewe totdat ons eendag voor God se troon staan in die hiernamaals.

Kom ons lees saam wat ons Belydenis hieroor leer in die Heidelbergse Kategismus Sondag 7:

Vraag 20: Word al die mense dan weer deur Christus salig soos hulle deur Adam verlore gegaan het?

Antwoord: *Nee; (a); maar slegs die wat deur 'n ware geloof in Hom ingelyf word en al sy weldade aanneem (b).*

(a)Matt 7:14; 22:14. (b) Mark 16:16; Joh 1:12; 3:16, 18, 36; Jes 53:11; Ps 2:12; Rom 11:20; 3:22; Heb 4:3; 5:9; 10:39; 11:6.

Vraag 21: Wat is 'n ware geloof?

Antwoord: *'n Ware geloof is nie alleen 'n vasstaande kennis waardeur ek alles wat God in sy Woord aan ons geopenbaar het (a) vir waar aanvaar nie, maar ook 'n vaste vertroue (b) wat die Heilige Gees (c) deur die evangelie in my hart werk (d), naamlik dat God nie net aan ander nie, maar ook aan my uit loutere genade, slegs op grond van die verdienste van Christus (e), vergewing van sondes, ewige geregtigheid en saligheid (f) geskenk het.*

(a)Jak 2:19. (b) Heb 11:1, 7; Rom 4:18-21; 10:10; Ef 3:12; Heb 4:16; Jak 1:6. (c) Gal 5:22; Matt 16:17; 2 Kor 4:13; Joh 6:29; Ef 2:8; Fil 1:19; Hand 16:14. (d) Rom 1:16; 10:17; 1 Kor 1:21; Hand 10:44; 16:14. (e) Ef 2:8; Rom 3:24; 5:19; Luk 1:77, 78. (f) Rom 1:17; Gal 3:11; Heb 10:10, 38; Gal 2:16.

Vraag 22: Wat moet 'n Christen glo?

Antwoord: *Alles wat in die evangelie aan ons beloof word (a) en wat die artikels van ons algemene en ongetwyfelde Christelike geloof ons in hoofsaak leer.*

(a)Joh 20:31; Matt 28:19; Mark 1:15.

Vraag 23: Hoe lui die artikels?

Antwoord: *(1) Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van die hemel en die aarde. (2) En in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, ons Here; (3) wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore uit die maagd Maria; (4) wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig is, gesterf het en begrawe is en neergedaal het na die hel; (5) wat op die derde dag weer opgestaan het uit die dood; (6) opgevaar het na die hemel en sit aan die regterhand van God, die almagtige Vader, (7) waarvandaan Hy sal kom om die lewendes en die dooies te oordeel. (8) Ek glo in die Heilige Gees. (9) Ek glo aan 'n heilige, algemene, Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges; (10) die vergewing van sondes; (I1) die opstanding van die liggaam (12) en 'n ewige lewe.*

Amen.

Slotgebed.

Slotpsalm 80:10

O HERE, God der leërskare,
verlos u volk uit doodsgevare;
dan sal ons U weer dien en eer.
O Herder, lei, herstel ons weer,
verkwik, **verlos** ons deur die lig
wat afstraal van u aangesig.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.
Amen.

Dr. M.J. du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 17 Junie 2007 (aand)